
Publication: Sake (Rapport)
Date: 23 Apr 2017
Page: 5

# Partytjie met belastingvrye dollars is waarskynlik verby

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

**Nico van Gijsen**

Lesers of hul familie en vriende wat so lekker belastingvrye dollars in die buiteland verdien, moet vandag mooi lees.

Dit is alombekend dat inkomste wat in die buiteland verdien is, belastingvry is - altans, dit is bekend onder diegene wat die dollars verdien.

Ter wille van ander kan ek net noem dat nie álle inkomste wat in die buiteland verdien word, belastingvry is nie. Dit moet 'n salaris wees. Dit geld nie as jy 'n kontrakteur is nie; jy moet 'n werknemer wees.

Die wet bepaal sulke inkomste is belastingvry as die werknemer 183 dae in die jaar uit die land was, waarvan enige tydperk 60 dae aaneen moet wees.

Neem gerus kennis dat die tesourie hierdie belastingvrystelling heroorweeg.

Die gedagte is om die wet te verander sodat sulke inkomste net belastingvry sal wees indien daar reeds belasting op betaal is in die land waar die salaris verdien word. So nie, gaan dit hier belas word.

Kom ons kyk wat kom, maar ek is seker die partytjie is verby.

Wat ook belangrik is om te verstaan, is dat Suid-Afrika 'n residensiële belastingstelsel het. Kortom, as jy hier woon, as Suid-Afrika die plek is waar jy normaalweg woon of die plek is waarheen jy gaan terugkeer ná al jou omswerwinge, is jy hier belasbaar. En basta verder. Daar is nog 'n definisie, "fisiek teenwoordig", maar ek hou by die meer algemene, ter wille van eenvoud.

As jy normaalweg hier woon, word jy hier belas op jou wêreldwye inkomste. Dit is die belangrike punt. Dit maak nie saak waar jy jou geld verdien of waar jou geld belê of "weggesteek" is nie, jy is hier belastingpligtig.

As jy slim met daai belastingvrye dollars van jou werk, sou jy al baie daarvan belê het - die werk in die Ooste kan tog nie vir ewig hou nie - en is die groei daarop hier belasbaar. Dit is nie 'n salaris nie, dis wel inkomste.

Ek hoor van baie en vermoed van 'n paar ander - hetsy deur onkunde, of poging tot belastingontduiking - wat sulke beleggings en die opbrengs daarop nie hier verklaar nie. Die storie is dat dit belastingvrye geld is en daarom bly dit "belastingvry". Dit is nie so nie.

Terloops, die storie dat jy nie 'n belastingopgawe hoef in te dien as jy in die buiteland werk en kwalifiseer vir die belastingvrystelling op jou salaris nie, is twak. Jy moet eers jou inkomste verklaar, dan geld die vrystelling wat dit belastingvry maak.

Jy mag nie net stilbly nie.

Goed, jy het daar in die buiteland belê en dit stil gehou. Wat nou?

Jy kan rondborstig met die waarheid uitkom. Jan Taks het 'n vrywillige blootleggingsprogram (VDP) ingestel wat mense met buitelandse beleggings die geleentheid bied om dit te verklaar sonder om boetes en rente te moet betaal. Die datum is onlangs uitgestel tot 31 Augustus.

Dit geld beleggingsopbrengste van voor 1 Maart 2015. Rente op die uitstaande belasting sal van dié datum af geld.

Alles is ook nie maanskyn en rose nie. Die VDP geld net as Jan Taks jou nog nie ingelig het van 'n oudit of strafregtelike ondersoek nie en ook nie ten opsigte van geld waarvan hy reeds weet nie. Binne 'n jaar of twee gaan hy van alles weet.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission